

## **Sing vooraf staande: Psalm 93:1, 4 (p. 470)**

- 1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit.  
En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.
- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.  
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

## **Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)**

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

Wet

## **Psalm 51:1, 5 (p. 260)**

- 1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my! / Ontsluit die bron van u barmhartighede;  
wis uit die smet wat kleef aan al my lede, / en maak my siel van sondeskuld weer vry!  
Was my geheel tot my behoudenis, / was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,  
die kwaad wat my altyd voor oë is. / Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!
- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.  
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.  
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!  
Laat my voor U tog geen verstootling wees, /en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Gebed

## **Psalm 2:1, 3 (p. 5)**

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?  
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgroties raadslaag vir die stryd,  
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.  
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
- 3 "Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet'ge stof My my gesag ontwing?  
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toorn, verdwaasde sterweling!  
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –  
op Sionsberg van heiligheid omgeef, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon."

**Skriflesing:** 1 Samuel 8:1-22

**Kernverse:** 1 Samuel 8:5, 19-20

**Hulle het vir hom gesê: "Kyk, u het oud geword. U kinders is nie soos u nie. Stel nou liever 'n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is."**

**Maar die volk het geweier om na Samuel te luister. Hulle het vir hom gesê: “Nee, daar moet tog maar ’n koning oor ons wees. Ons wil ook soos al die nasies wees. Ons koning moet oor ons regeer; hy moet ons lei en ons oorloë voer.”**

(1 Samuel 8:5, 19-20 AFR1983)

**Tema:** Om soos ander mense te wees of om anders te wees

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons mense is vir seker die interessantste skepsels wat die Here geskep het. Soms wil mense deel van ’n groep wees. Hulle wil nie uitstaan nie. Nee, hulle wil eerder so deel van die groep wees dat hulle nie uitgeken kan word as anders nie. Maar dan is daar weer kere dat mense uniek wil wees. Mense moet hulle kan raaksien en uitken tussen die massa.

Dit is veral aan die kleredrag van mense wat ons hierdie tendens opmerk. Jongmense in hulle tienerjare wil graag die klere hê wat hulle maats dra. Ma moet tog nie waag om vir boeties of vir sussies klere te koop wat nie pas by hulle maats se klere nie. Julle jongetjies, wanneer julle klere nie die regte naam of styl het nie, wil mos eerder hê die aarde moet julle insluk as wat julle met daardie klere by ’n partytjie saam met julle maats opdaag. En wanneer die dametjies eers bietjie ouer is en hulle hulle eie plek in die lewe begin volstaan, wil hulle om die dood nie raakgesien word in dieselfde uitrusting as iemand anders nie. Dan wil hulle uniek wees en nie soos iemand anders lyk nie.

Hierdie tendens is nie net by individuele mense raak te sien nie. By groepe mense sien ons dit ook raak. Dit is veral ten opsigte van die kerk van die Here waar ons hierdie tendens deesdae raaksien. Die wyse waarop die kerk nog altyd kerk is, is mos vandag nie meer reg nie. Daar gaan dan stemme op wat sê: As die kerk nog relevant wil wees vir die mens van die een en twintigste eeu, dan moet die kerk verander, anders gaan die kerk nie meer ’n reg hê om te bestaan nie.

En nou sal ’n mens dadelik vra: Hoe moet die kerk verander, of waarnatoe moet die kerk verander? Dan moet ’n mens fyn luister na die antwoorde wat op hierdie vrae gegee word. Dit is antwoorde soos: Om liefdesnaam moet die kerk ophou om so oor sonde en oordeel te preek, want dit maak mense morbied en breek hulle selfbeeld af. Die kerk moet tog ter wille van die vrede nie so skerp stel dat die Christelike geloof die enigste ware geloof is nie. Christene moet asseblief tog nie vir Jesus so ophemel nie; hulle moet ander gelowe ook in ag neem. *Verdraagsaamheid* en *toleransie* is mos die nuwe gonswoorde. Maar dit is net die kerk wat verdraagsaam moet wees.

Hierdie pogings om die kerk so te laat saamsmelt met die samelewing dat die kerk kamstig aanvaarbaar kan wees vir die mense is nie so ’n nuwe ding nie. Intendeel, dit is ’n ou-ou manier om die uniekheid van die volk van die Here te laat verdwyn. Ons sien hierdie tendens binne-in die kerk van die Ou Testament raak. En het dit die Here verras toe dit gebeur? Nee, glad nie. Hy het vier honderd jaar voor dit al geweet dit is wat gaan gebeur. Ons het by ’n vorige geleentheid daarvan in Deuteronomium 17 gelees:

**Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, en jy dit in besit geneem het en daarin woon, sal jy sê: ‘Ek wil ’n koning oor my aanstel. Elke nasie in my omgewing het ’n koning.’** (Deuteronomium 17:14 Afr 1983)

Broers, susters en kinders, Samuel het deur die genade van die Here uitgemunt in sy diens as rigter en profeet in Israel.

**Die Here was by hom en het nie een van Samuel se woorde onervul gelaat nie. Die hele Israel van noord tot suid het gemerk dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here.** (1 Samuel 3:19-20 AFR 1983)

Maar soos wat dit met alle mense gebeur, het dit met Samuel ook gebeur – hy het oud geword. Na alle waarskynlikheid het Samuel weens sy ouderdom, en omdat hy nie meer orals in Israel kon kom nie maar nog baie besorg was oor die volk van die Here, sy seuns as rigters oor Israel aangestel. Die ongeluk was egter dat Samuel se seuns nie so betroubaar soos hy was nie.

As daar een ding is wat teen Samuel gesê kan word, was dit hierdie besluit om sy seuns as rigters aan te stel. Rigters is nooit deur mense self aangestel nie. Die Here self het elke rigter geroep en bekwaam gemaak vir sy werk. En sodra sy werk gedoen was, het hy met sy gewone werk aangegaan. Die rigter het nie aanhou regeer nie. Rigters is ook net deur die Here aangestel wanneer daar 'n groot krisis vir die volk was. In hierdie stadium van Israel se geskiedenis – hier in 1 Samuel 8 – was daar nie 'n krisis nie. Die Filistyne het na die laaste oorlog teen Israel nie weer in die gebied van Israel gekom solank as wat Samuel geleef het nie. Daar was selfs vrede tussen Israel en die Amoriëte.

Die oudstes van Israel het opgemerk dat indien Samuel sou sterf, daar inderdaad 'n groot krisis gaan wees as gevolg van Joël en Abia se manier van optree. Daarom het hulle na Samuel, die betroubare man van God, gekom. Hy is tog 'n profeet van die Here en 'n gerespekteerde rigter in Israel. Hy kan mos die Here raadpleeg sodat daar koers in die omstandighede gekry kan word. Iets moet gou aan hierdie dreigende krisis gedoen word.

Die oudstes van Israel kom egter nie na Samuel toe om die Here te raadpleeg oor 'n uitkoms uit hierdie dreigende krisis nie. Hulle kom sommer met hulle eie plan. **Stel nou liever 'n koning oor ons aan om oor ons te regeer.** Die feit dat die volk nou 'n koning wil hê, is nie teen God se wil vir sy volk nie. 'n Koning in Israel is deel van God se plan met sy volk en met die mensdom. Maar in plaas daarvan dat die volk se plan die krisis vir die volk sal afweer, lê daar in hulle motivering om 'n koning te wil hê die moontlikheid tot 'n groter krisis. Hulle wil 'n koning hê, **soos dit by al die nasies is.**

'n Mens sou uit hierdie motivering kon aflei dat Israel maar net 'n koning wil hê soos wat die ander nasies 'n koning het. Dit wil sê, hulle wil een staatshoof hê. En daar sal geargumenteer kan word dat dit net 'n ander vorm van regering is as wat hulle tot dusver onder die rigters geken het. Luister 'n mens egter mooi wanneer die volk weer sê dat hulle eerder 'n koning wil hê, dan hoor 'n mens die motivering beter. Nadat Samuel aan hulle al die woorde van die Here oorgedra het in verband met die reg van die koning, hou hulle voet by stuk. **Hulle het vir Samuel gesê: “Nee, daar moet tog maar 'n koning oor ons wees. Ons wil ook soos al die nasies wees.** Dit is nie maar net 'n kwessie van om 'n koning te hê soos die ander nasies nie. Die volk wil soos al die nasies wees. Die duidelike onderskeid wat tussen Israel en die ander nasies nog bestaan, moet maar eerder mettertyd verdwyn.

Het die Here dan al die jare, nee, al die eeue so besonders met Israel gewerk dat hulle nou maar net soos al die nasies kan wees? Nee, beslis nie! Die Here het Abraham agt eeue gelede weggeroep uit sy land en vaderhuis uit, want die Here het hom anders gemaak as die ander mense. Vir vier honderd jaar het God sy volk eenkant – afgesonder van die Egiptenaars – tot 'n volk laat groei. Hy het Kanaän aan hulle gegee nadat Hy die heidene daaruit verdryf het omdat Hy nie wil hê dat hulle soos die ander nasies sal wees nie. Die Here motiveer self hoekom Israel anders as die ander nasies moet wees. Hy sê:

**Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig** (Levitikus 19:2 AFR 1983).

Heilig vir die mens beteken dat ons anders moet wees as die wêreld met sy sonde en geweld. Heilig wees is om anders te wees as wat ons van nature graag wil wees.

Vandag in die Nuwe Testament wil die Here steeds hê dat sy volk anders moet wees as ander mense. God het nie verander nie. Hy is van ewigheid tot ewigheid dieselfde. Die Here ons God is heilig. Jesus Christus het nie al die moeite gedoen om mens te word en die allerverskriklikste smart

deurgegaan om van sy Vader verlaat te wees net sodat die volk van die Here – die kerk van Jesus Christus – soos al die ander mense kan lyk en leef nie. Inteendeel, die Heilige Gees doen by monde van Paulus 'n ernstige beroep op ons:

**Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe** (Romeine 12:2 AFR 1983).

Geliefdes, dit wat die wêreld aan die gelowiges voorhou as nuut en progressief, is nie so nuut nie. Dit is maar die ou dinge wat sedert die sondeval aan die orde van die dag was op die aarde. Om te vloek en te skel, jou eie wil te laat geld, nie te luister vir die Here nie, rond te hoereer en te dink dit is die lewe, is ou goed. Van nature doen ons hierdie dinge ook outomaties. Om Jesus nie as die enigste en volmaakte Verlosser te verkondig nie, is nie 'n nuwe ding nie. Die dogter met die waarsêersgees in Filippi het dit ook gedoen totdat Paulus die waarsêersgees bestraf en uit haar uitgedryf het (Handelinge 16:16-18). Om sonde en skuld te verbloem en te verswyg is nie vooruitgang nie. Ja, die mense hou daarvan, want niemand wil tog met sy eie swakhede gekonfronteer word nie. Dawid het ook sy sonde en skuld verswyg en waar het dit hom gebring? Hy sê self dit het hom van binne af opgevreet sodat hy siek geword het (Psalm 32:4).

Die Here wil nou nog nie hê dat sy mense en sy volk maar net soos die ander mense sal wees nie. Hy weet waarheen die ander mense se manier van lewe lei. Dit is die afdraande pad wat uiteindelik in die ewige verdoemenis eindig. En daar wil Hy nie sy mense hê nie. Hy wil hê hulle moet lewe – nie net hier en nou nie, maar vir ewig saam met Hom. Daarom wil Hy hê dat ons anders moet wees en lewe as die ander mense. Hy wil hê ons moet heilig wees, want Hy ons Here en God is heilig. As ons verkondiging nie anders as die wêreld s'n is nie, sal ons ook nog ander truiks moet uithaal om die mense te trek. As dit daarvoor gaan om jouself te verwesenlik en nie so op die sonde en skuld te konsentreer nie, gaan valse godsdienste soos die Boeddhisme mos baie meer aantreklik wees. Nee, die kerk se verkondiging en die kerk se lewe moet anders wees as die wêreld s'n, want ons dien die enigste lewende God. En Jesus Christus ÍS die enigste weg na die Vader toe.

Broers, susters en kinders, toe Israel na Samuel gekom het met hierdie versoek om 'n koning te hê soos die ander nasies, het hy bitter sleg gevoel. Dit was vir hom verkeerd dat hulle so gevra het. Dit lyk asof Samuel verworpe gevoel het. Dit is asof hy vir die volk nie meer goed genoeg is om die koningsregering van God aan die volk bekend te maak nie. In plaas daarvan om met die volk daarvoor te argumenteer bring hy sy gevoelens na die Here.

In sy antwoord verseker en vertroos die Here vir Samuel. Dit is nie oor hom wat die volk met hierdie versoek na hom toe gekom het nie:

**Hulle het jónie nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle.** (1 Samuel 8:7b AFR1983)

Inderwaarheid was die volk nie meer met die Here se manier van regering oor sy volk tevrede nie. Al die sorg, liefde en trou wat die Here as koning tot dusver aan hulle bewys het, is nou sommer vergete omdat hulle 'n dreigende krisis sien kom met die seuns van Samuel. Die naam Eben-Haeser wat sê *tot dusver het die Here ons gehelp*, beteken vir die volk nie meer veel nie. Hulle wil 'n koning hê wat hulle oorloë kan voer, asof hy dit beter as die Here sal kan doen.

Die Here sê in sy antwoord op Samuel se gebed dat dit wat die volk nou wil doen, naamlik om 'n koning te wil hê soos die ander nasies, nie iets nuuts is nie. Hulle foeter maar net voort in die ou uitgetrapte spore van hulle voorouers. Hy sê vir Samuel:

**Hulle het ook nou met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My verlaat en ander gode gedien.** (1 Samuel 8:8 AFR1983)

Geliefdes, iemand wat aan hierdie wêreld gelykvormig wil lewe, die kerk wat so wil verander dat sy vir die mense van hierdie wêreld aanvaarbaar kan wees, verwerp die Here se liefdevolle regering oor hulle. Wie soos die ander mense wil word en onuitkenbaar wil lewe in hierdie wêreld, dink hulle kan beter doen as wat die Here nog altyd met hulle lewens en sy kerk gedoen het. En om te dink dat jy die Here God van sy troon kan afhaal en self begin besluite neem, is seker die domste ding wat 'n mens kan doen. Die Here staan sy troon en kroon aan niemand af nie. Hy is Koning en Hy is ewig Koning. Hy kan mos nie ophou om God te wees nie.

Wanneer die Here dan aan Samuel sê: **Gee toe aan die volk se versoek in alles wat hulle van jou vra**, het die Here allermens sy koningsheerskappy oor sy volk opgegee. Soms vra ons ook goed wat die Here weet nie reg of goed is vir ons nie. Die motivering hoekom die volk 'n koning wil hê, was ook nie goed nie. Omdat die Here van plan was om vir die volk 'n koning te gee en hulle daarop aandrang om nou 'n koning te hê, laat die Here toe dat dit kan gebeur. Hy doen dit, nie omdat Hy aan hulle wil toegee nie, maar omdat Hy hulle juis wil onderrig.

In die regte van die koning wat die Here aan sy volk bekend maak, wys Hy hulle op die gevare van 'n koning. En gaan 'n mens dié regte deur, kom 'n mens agter dat die koning wat hulle soek – 'n koning soos die nasies – 'n koning sal wees wat gaan vat en vir hom toe-eien. Hy sal 'n koning wees wat met mag heers omdat hy koning is en die volk self sal sy slawe wees. En as die volk dan nou uiteindelik het wat hulle gesoek het en hulle kry swaar onder die koning, sal hulle weer na die Here roep. En dan ... dan sal die Here hulle nie antwoord nie.

Laat hierdie woorde van die Here vir elkeen van ons 'n waarskuwing wees. Wie verlang om aan die wêreld gelykvormig te word en wie die kerk wil verander na iets waarvoor dit nie bedoel is nie, gaan hom vasloop. Jy sal met jou eie gemors sit, en die Here dreig om nie dan te antwoord as jy roep nie.

Is daar dan in hierdie lewe nie weer 'n kans om die genade van die Here te ontvang nie? Is hierdie dreigende oordeel van die Here dan sy laaste woord? Nee, broers, susters en kinders. Ons God is nie genadeloos nie en mense se keuses bring Hom nie van sy spoor nie. Hy het op die tyd wat Hy self bestem het die Koning vir sy mense gegee wat Hy van die begin af wou gee – sy eie Seun, Jesus Christus. Hy is nie 'n koning wat kom vat en vir Homself alles toe-eien nie. Hy heers nie met mag en maak slawe van sy mense nie. Hy sê self dat Hy nie gekom het om te gedien te word nie maar om te dien. En as Koning géé Hy. Hy het sy lewe gegee en Hy gee sy Gees aan sy mense. En aan hulle wat in die geloof aan Hom vashou en hulle aan sy koningsheerskappy onderwerp, gee Hy die lewe wat heeltemal anders is as die lewe wat ons nou nog ken – Hy gee die ewige lewe. Die Gees van Christus maak ons nie tot slawe nie en laat ons nie weer in vrees lewe nie. Hy maak ons tot kinders van God en laat ons tot God roep: Abba!

Vir die mense wat hulle dan laat meesleep agter die leuen aan om gelykvormig te word aan die wêreld omdat dit kwansuis nuut en progressief is, en vir die kerk wat haar laat oorreed het om soos die nasies te word om so aanvaarbaar te word, is daar tog geleentheid om weer genade by die Here te vind. Maar daar is net een pad – dit is om jou te onderwerp aan Koning Jesus, die Christus, die enigste en volmaakte Verlosser van sonde en skuld.

Die Here se heerskappy in en oor sy volk werk nie deur natuurlike opvolging soos wat Samuel met sy seuns gedoen het nie. God se heerskappy word ook nie gevestig deur die stem van die meerderheid soos wat die volk gedink het nie. God se heerskappy in en oor sy volk kan net werk soos wat Hyself besluit het – deur sy Seun Jesus Christus en deur Hom alleen.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 2:4, 6 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:  
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.  
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,  
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.
- 6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,  
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

**Ds Coen Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**25 Maart 2012**